

Voorbeeld-vel

T

- A ✓ anachoret
- B ✓ beddery
- C ✓ Croiseraad
- D ✓ deusief / deusief
- E ✓ 27
- F ✓ fantasie
- G
- H ✓
- I
- J
- K
- L
- M ✓
- N ✓✓
- O ✓
- P ✓
- Q ✓
- R ✓
- S ✓
- T
- U

TUISKOMS

sien ook: erbarme
naasteliefde
Rust-mijn-ziel

Altyd weer dieselfde droom:

Dis nag, en winter op die Stormberge; en ek is oud en verlate, en kom te voet op Rust-mijn-ziel aan.

Van die opstal het net 'n murasie oorgebly. Ook hier is geen skuiling nie. Maar wanneer ek om 'n hoek van die bouwal stap, sien ek dat een vertrek bly staan het, en dat daar 'n lig in dié kamer brand.

Ma sit vir my en wag voor die swart stofie met sy krom pote. Die tafel staan gedek, en by my ou eetplek is daar 'n netjiese stapeltjie pos met buitelandse seëls.

Ek gaan sit by Ma en streel haar hande soos ek nooit gedoen het toe sy nog gelewe het nie.

- V
- W
- X
- Y
- Z

sien ook: bedelary
menslikheid
naasteliefde

- ['n Stiksienige maar goedaerdige Christin het 'n bedelaar op die Parade sien sit. Die bedelaar het niks gesê nie, net sy een handpalm na haar uitgesteek, sy kop skuins gehou en sy aë hemelwaarts omgedop. Die Christin het aan 'n skildery gedink wat sy in die Prado gesien het. (Maar toe het sy haar galerybril opgehad.)
- ["Hier, my man," het sy hees gesê, skielik oorval deur 'n vlaag van barmhartigheid. Haar droefheid het haar sig nog verder belemmer, en wat 'n R2-noot moes wees, word toe 'n R50-noot.
- ["God seën u!" het die bedelaar histories uitgeroep.
- [Die Christin het die heel pad na Woolworths aan die bedelaar se reaksie gedink, en effens gestuurd gevoel. Die laer stand het ~~sy~~ geen sin vir skaal en proporsie nie, het sy besluit.
- [Voor die kassier by Woolworths ontdek sy dat sy net R2 in haar beursie het. Tot haar verleentheid en vernedering moet sy haar trollie vol delikatesse nit so terugge aan die saak.
- [Die Christin glo nie daar-aan om Gods water oor Gods akker te laat loop nie. Sy haas haar na die Parade.
- ["Nee," sê 'n blomverkoopster, "hy's na Ah, men! om klere te gaan koop. Daar's 'n sale."

[By Ah, men! klik die vriendelike ³verkoper met sy kunsgebit ná hy haar stoeie aangehoor het, en die Christin moet aan 'n sekere kastanjetoepeler in Spanje dink. (Maar toe het sy haar teaterbril opgehad.)

["Hier was iemand," vertel die verkoper. " 'n Handsome guy, 'n bietjie verwaarloos, maar beslis nie jou regular tramp nie. Hy't 'n windsurfer, 'n onderbroek en 'n paar pienk kouse op die sale gekoop. En toe's hy weg — om te gaan bad, sê hy, bo in Langstraat."

["Dis hy!" skree die Christin.

[Die Christin moet die lang ent pad na die badgerief stap, want sy het nie geld vir 'n taxi nie, en haar motor staan te ver geparkeer.

[Net toe sy daar aankom, kom die bedelaar spiekeries uitgestap, glad geskeer en met sy hare op 'n middel=^{nuwe}paadjie gekam. Sy ^{ensembel}, so ver sy in haar brillose staat kan uitmaak, getuig van smaak.

[Dit help nie om met die bedelaar te redeneer of 'n beroep op sy ordentlikheid te maak nie.

["U het die geld voor getuies aan my gegee," sê hy ferm. En hy lig vermanend 'n vinger: "Eers gegee en dan gevat, is erger as 'n dief."

["My trollie vol snoepgoed," jammer die Christin.

["Kom ons gaan eet saam," rooi die bedelaar gul.

"You name the venue, lady. Captain pays for all."

[En omdat sy stokflou is, en tot sit wil kom, en die bedelaar, so ver sy kan uitmaak, beeldskoon is, gee die Christin die stryd gewonne.

A = ANACHOREET
seën ook: ~~hoersery~~
nederigheid
ydelheid

['n gekwelde jong man het weggevlug van sy kwelling af. Hy het die gebaande weë en bekende streke agter hom gelaat en diep in die woestyn tot ruste gekom. Dit was wonderlik om weer tuis te voel ná hy soveel jare buite homself was weens begeerte. Hy het gestudeer, gebid en wys geword, en die status van 'n woestyn = heilige verower; en meense het moeisame togte onderneem om sy raad te gaan vra.

[Die anachoreet het elke oomblik van die dag geseën, maar bowenal die goue oggende en die purper aande. Sy kalmte van gemoed was so groot dat hy besluit het om ook die vrou te seën wat hom in die woestyn ingedryf het. Maar kyk, toe hy hulle na mekaar wil bring vir gebed, begin sy hande hul eie lewe lei en word twee skale wat goetig wag op 'n vrou se borste.

B = BEDELARY
staan ook : nederigheid

5

- [Twee professionele bedelaars kaester hulself in die wintersonnetjie in die Kompanjiestuin.
- ["Jy's reg," sag die een. "Dinge is nie meer soos hulle was nie. Met heem nou die 'outie' daar anderkant. Spiekeries, ni? Met daai blou jersey en 'n broek wat so goed as nuut is. ^{Vanggend} net by die Welsyn gekry, vertel hy my."
- ["Seker oor hy jonk en mooi is," brom die ander bedelaar. "En hier sit ons. Maar hy kan by 'n restaurant instap en niemand sal hom uitgooi nie."
- ["Ons staan nog of ~~wanneer~~ ons bedel," sê die eerste bedelaar. "En ons sê nog dankie, al is dit vis niks."
- ["Maar die jong geslag," sê die tweede bedelaar, "sê hoewel hulle wil hê, en dankie staan nie in hulle boekie nie. En party bedel met 'n mes in die hand."
- ["Een ding is seker", sê die eerste bedelaar, "bedel is nie meer 'n godsdiens nie. Dit het commercial gegaan."
- [Hul aandag word afgelei deur 'n kaalvoetmannetjie wat in 'n bruin, sakkerige gewaad op die grasperk staan. Die voëls het op hom toegesak, en sit op sy kop en arms, maar hy praat en glimlag een stryk deur.
- ["Wie's hy?" vra die eerste bedelaar. "En het hy altemits 'n permit om op die gras te wees?"
- ["Seker 'n Hare Krishna," sê die ~~tweede~~ bedelaar. "Hulle moet die goed gryp en in 'n werkkamp stop."

C = CROSSROADS

- [Dis nag.
- [Rookmis smoor die Kaapse Vlakte en beperk die sig, sodat 'n verlate reisiger genoodsaak is om of die bors stil te hou en na 'n naambord te stap. Dis of hy êrens vioolmusiek hoor, maar hy vergeet weer daarvan, sô kon-sentreer hy of die naambord..
- [Sy flits speel oor die predikant, maar dan moet hy vloek: 'n deugniet het al die pylle hemelwaarts gedraai.
- ["Nou wat de hel..." wonder hy verskrik wanneer hy weer viool-musiek hoor, maar dié keer nader.
- [Die mis verdig tot 'n gestalte. Die reisiger steek sy hand in sy jassak en voel die gerusstelling van sy rewolwer.
- [Die gestalte uit die mis speel of 'n tuisgemaakte vedel. Hy lyk soos 'n sjaman, te oordeel aan al die horinkies, skulpe en diersterte wat hy dra; maar hy singpraat suiwer Afrikaans:
Hier is die Kruispad, hier moet jy Kies,
benadendal of Grondverlies.
Sing altegaar: Halleluja!
Sing altegaar: Halleluja!
- [Die reisiger staan trou. "Jesus freak!" sê hy ontsteld. En soos hy kwater word: "Crank! Sangoma! Dronkgat!"
- [Maar waar die speelman was, is nou net mis, en waar hy heen is, weet die duiwel alleen.

D = DISSIPPEL
sien ook: ydelheid

- [Die dissipel, nou self middeldjarig en skimmel, besluit op die aandif van die oomblik om uit die grootpad af te draai en sy ou mentor en vriend te gaan besoek.
- [Die mentor se hare is wit, sy gesig pers en gesond van berglug en whisky.
- [Die mentor praat aanhoudend oor homself. Hy lees uit sy eie werk voort, oud en nuut, en pers met 'n staal = koue oogopslag bewondering af. Soms voorsien hy self die gewenste reaksie: "Aangryp, nè?" Of as die dissipel die geringste beweging uitvoer: "Ja, ja, ek kan sien jy is ontvoer."
- ["Niks het verander nie," dink die dissipel maedeloos. "Ek sit nog altyd aan sy voete, vās in die sement wat hy aangemaak het." Sy eie beeld ontstel hom so dat hy orent spring en na sy motorsleutels begin soek.
- [Die mentor voel half skuldig.
- ["En daar het ons toe nooit by jou uitgekou nie. Ek sien jy is nog steeds in 'n polemieke gewikkel, met J.C. K. Dit moet ek jou nog leer, ou vriend: kies jou vyande met ^{groot}oorlog. Aan jou vyande sal jou prestasies gemeet word. Vyande is uiteinde = lik die grootste dryfkrag in ons lewe."
- [Die dissipel plant 'n soen op die voorkop van sy mentor. "Nou moet ek regtig gaan," sê hy.
- ["Wat van 'n loopdop?" vra die mentor halfhartig, want dis amper tyd vir sy geliefde T.V.-program.
- ["Liewers nie," sê die dissipel. "Ek wil tuis wees voor donker. Maar drink genas op my; op ons. Op ons ou en belee" vyandskap.
- [En hy stap weg sonder om een keer om te kyk.

D = DUIWEL

sien ook: Pandora-sindroom
slypsteen

- [Een ding moet 'n mens die Duiwel ter ere nagee: hy gee nie voor om gaaf te wees nie.
- [En die Duiwel is 'n harde werker, al gaan hy nie altyd reg te werk nie.

E = ENGEL(E)

9

sien ook: fantasie

- [Engèle seil soms op wolke, maar hulle moet vooraf bespreek, want "clouding", soos dit kosmies heet, is 'n gesogte tydverdryf.
- [Twee engele het 'n intieme wolkie bespreek, want hulle wou hul toelating tot die Halleluja - koor feestelik vier.
- [Bokant 'n klooster, hoog in die Spaanse berge, bring hulle die wolkie rukkenig tot stilstand. In die groen vierkant tussen die gaanderige lug die monnikke hul verskide bruin pye lenyng hulle teologies betoog. Die engele stel terstond hul priek interkommities op Aarde in en hoor tot hul hilariteit wat die dispuut is: Tot watter seks behoort engele? (Nemelse radio's het 'n ingeboude vertaaldienis.)
- [Hulle lag so uitbundig dat albei opgerui raak.
- [Dadelik onttrek die engele hulle aan mekaar, afgestern deur eie vleske, want hulle word van jongs af geskool in etiket.
- [Twee paar oë en wange gloei.
- [Nummer een loer oor sy skans en moedig sy vriend aan:
- ["Carpe diem!"
- [Nummer twee griffel onderlangs:
- ["Opskud, ek is voor jou daar!"

E = ERBARMER

10

sien ook: haerens
menslikheid
naasteliefde
ydelheid

- [Die lyk lê buite die N.G. kerk en hy dink in sy kis:
- ["Dis nie reg dat ek in die koue moet lê nie. Op stuk van sake is ek die eregas by die geleentheid. Ek moet oop en bloot onder die kansel lê, as prikkel tot medelye."
- [Hy hoor hoe trekkerig die gemeente sing.
- ["Vir erbarme is hulle van mij afhanklik. Hulle moet my sien om erbarme te bereik: my maskergesig, die lewerdekke op voorkop en hande, die bleek naels, die pers lippe. Want eers as die lewendes na hul eie sterflikheid kyk, kan die yskors om hul harte outdooi, en sal hul sang die ewige lewe loof."
- [Wanneer die lyk voetstapfe op die gruis hoor, weet hy dat die diens verby is.
- [Sy weduwe staan by die lykswa en vil in haar swakara.
- [Het iemand oor my graf geloop? wonder sy.
- [Haar ongetroude buurman slaan 'n sterk arm om haar swakara.
- ["Net 'n jaar," fluister hy in haar oor wat soos 'n roos agter haar mantella gloei, "net 'n jaar, nie 'n dag langer nie."

F = FANTASIE

- [Die wysneusige student is nog nie tevrede nie:
- ["Maar daar móét 'n verskil wees tussen fantasie en geloof!"
- [Die professor druk sy vingerpunte teen mekaar en tuit sy lippe. Op dié oomblik lyk hy presies soos 'n albino-vis agter glas.
- ["Laat ek dit só stel," sê die professor. "Fantasie is wat jy droom; geloof is wat jy weet."
- ["Ek koop dié een," sê die student. "Voodofig." En hy vertrek sonder om te groet.
- ["Sjoe," sê die professor, "dit was 'n noue ontdekking." En hy stap na die haekkas om vir hom 'n smolletjie te skink.
- [Die student betrap hom met 'n glas amber sjerrie in sy hande, maar ~~hy~~ ignoreer die drank en sê opgewonde:
- ["Prof, as droom en weet nou 'een ding is, wat kry ^{dan,} jy: 'fantastiese geloof' of 'gelowige fantasie'?"

G =

G E NADE

sien ook:

→ aalmoes
→ erbarme
→ genade (v)
→ naasteliefde

12

[Suster ^{Sonskyn} het in die spieël gekyk en haar depressie onmiddellik as die diepblou soort geëien. Pille en ontspanningsoefeninge gaan nie help nie, dit weet sy uit professionele ervaring. In dié toestand het jy 'n medemens nodig.

[Sy het haar dike adresboek nader getrek en ~~███~~ haar vriende begin bel.

[Nummer 1:

[: " O, suster, vandag kan dit nie. My huis is vol mense, en die kleintjies het griep, en boonop het my huishulp nie opgedaag nie."

["Ek moet seker aanbied ~~███~~ om te gaan help," dink suster Sonskyn moedeloos. "Maar waarom moet dit altyd ek wees wat moet gee?"

[Sy skakel nummer 2:

: " O, genade, nee! Ek moes al 'n uur gelede in die Strand gewes het. Suster sal mos verstaan, nè? "

[En so voort, tot by nummer 8 toe; en elke keer klap 'n deur in suster Sonskyn se gesig toe.

[Suster begin huil, en van haar rukkinge gly die adresboek op die grond. 'n Stukkie papier het op die grond geval. Suster vee haar tranes af en begin lees:

— Ons is nooit te swak as God met ons is nie, sê die priester. Bowendien, as u nie enige geneentheid het om hier op aarde te betoon nie, het u tog seker pligte om na te kom?

— Altyd pligte! skree sy dit uit met 'n soort ongeduld. Maar waar kry ek die liefdesgevoelens vandaan wat mens die krag gee om dit uit te voer? ...

- ['n Simiese vriend het dit vir haar uit die Frans vertaal; iets van Balzac, as sy reg onthou.
- [Suster Sonskyn gaan badkamer toe. Dié keer kyk sy nie in die spieël nie. Suster tel ^{baie} pille uit en ontvang genade uit eie bakhand.

sien ook: genade!

- ['n Kapenaar het in die gewoonte verval om sondae vroeg in sy doop rond te dwaal. Eers was hy morbied oor wat hy gesien het, maar later het hy ontdek dat ook veral jou kreatief kan stem.
- ['n Straat, en veral stei, het talle inhamme. Daar is trappe wat na portale lei, en diep nisse in mure. Die Kapenaar het gesien dat hierdie nisse snags bewoon word. Menslike uitwerpsels het daarvan getuig, of drankbottels, meesal stukkend. En, onvermydelik, die vette papier waarin tjips en vis toegedraai was. En soms 'n gebruikte kondoorn.
- ['n Enkele keer was hy te vroeg vir die bewoners van straathuise. Hy het nuuskierig na 'n slapende bergie = paar gekyk, of na 'n tros swart kindertjies, heeltemal in mekaar verstrengel om hitte te soek. Hy het dit ^{soms} oorweeg om hulle wakker te maak en hulle geld te gee vir kos, maar hy het dit nooit gedoen nie. Net af en toe het hy met literêre selfbewustheid geprewel: "Is God, u genade so uitsoekerig?"
- [Een keer het hy twee-uur die nag opgestaan en in die eensame ~~strate~~ ^{middestadstrate} rondgry. Maar só eensaam was hulle ook nie. Hy het, binne die bestek van enkele strate, oor die sestig hopies lewe in inhamme gewaar. (En môre, het hy vieserig gedink, ^{weer} lê al die kleiner hopies daar.)

- [Hy het sy sondagse swerftogte in Amsterdam en New York in herinnering geroep. Ook daar was menslike afval met brommess wat op swere sit, maar nooit so gekonsentreerd soos in Kaapstad nie. Miskien was daar minder inhamme.
- [Op 'n oggend het hy hom teen sy oordrewe sin vir higiëne versit en 'n slapende boemelaar omgedraai sodat hy sy gesig kon sien.
- [Die boemelaar het nie geslaap nie. Hy was dood. Daar was 'n diep gat in sy voorkop waaroor die bloed soos lak gestol het. Of dit kan ook wees dat hy verstik het, want sy lippe was gesnoer, en sy stoppelbaard toegekoek met eie kots.
- [Die Kapenaar het in weersin na sy eie hande gekyk, asof hulle skielik melaats geword het. Hy het hulle so ver moontlik van sy liggaam weggehou terwyl hy hom huis toe haas. Later het hy begin draaf, en deurentyd kaniëkerig geprewel: "Ek moet my dip in dettol ...
dip in dettol ... dip ..."

16
H = HOERERY

sien ook: anachoreet
: ydelheid

- [Die filmster het op haar vry middag in die Sahara agter die hotel gaan loop; en al verder, tot sy in die wildernis was. En daar kom sy te staan voor 'n woestynheilige wat haar onmiddellik met 'n droë stem betig.
- ["Maar ek was nooit met 'n ander man bed toe nie behalwe met my eie wettige man!" roef sy verontwaardig uit.
- ["Mag wees," sê die anachoreet, "meer hoeveel duisende mans" — hy kug — "en ook vrouens, het jy emosioneel of sleeplou geneem en aan jou beeld verdaaf?"
- [Die filmster slaan haar hande oor haar borste.
- ["Is dit nie die ergste hoerery nie," vra die anachoreet, "om ander emosioneel aan jou te bind sonder om self onvoorwaardelik te gee?"
- [Skielik is die anachoreet weg. Die filmster bevind haar in 'n tent gevul met 'n sagte oranje lig, en 'n oomblik lank waan sy haar op die filmstel. Teen Oosterse kussings sit, volop naak, 'n man wat na die anachoreet lyk, net baie jonger. Hy het harde spiere, oliebruin kulle en 'n weelderige tros.
- [Dis sy oë wat haar die meeste verlei. Hulle kyk haar met onbeskaamde veragting aan.
- [Wanneer die filmster haar hande smagtend na die jong man uitsteek, gryp sy in die woestynlug vas.

H =

HUIS

17

sien ook : Rust - mijn - ziel
tuiskoms

- [Al hoe meer huise raak met die jare vir jou geslote, of hulle verdwyn asof hulle nooit daar was nie; huise wat jou eenmaal ontvang het, en bowenal die een waar jy nooit nodig gehad het om te klop nie.
- [Hul eienaars is dood of het weggetrek. Of hul eienaars kon ^{net, so wel} ~~so~~ dood gewees het, want 'n ou vriendskap het onverklaarbaar gekwyn.
- [Niks herinner jou so skerp aan ~~so~~ voortlopiegheid as huise nie. Blinde huise en murasies.

I = INSIG

sien ook: openbaring

Pandora-sindroom

Rust-mijn-ziel

Wiskorps

- [Ná sy kanker-operasie (prostaat en omstreke), het die digter baie swak gevael. Hy kon net klein entjies loop, en dit met behulp van 'n stukkie. Tafelberg het ver en onmoontlik gelyk.
- [Op 'n lentedag het die ou oormoed hom gepak. Hy het besluit om blomme te gaan koop op 'n hoek sowat vyf blokke van sy woonstel af.
- [Die ~~sy~~ ^{bejaarde} blomverkoopster het hom kwalik geëien, so verwese was hy; maar toe die lig kom, roep sy ^{net 'n} helder stem uit: "O, my meneer van die sondeblomme!"
- [Die digter het gelag en by homself gedink: "Aimez-vous Baudelaire?"
- ["So maer soos 'n timmerasie," kla die blomverkoopster.
- ["Of hulle my meneer aan die galg opgehang het. Wat sal dit vandag wees? Maar sondeblomme het ek nie."
- [Die digter staar verwonderd na haar papawers: wit en bedeesde pienk en geel en oranje.
- ["Soveel bosse as wat ek in een arm kan dra!" roep hy opgetoë uit.
- [En met drie bosse, wat hy versigtig in sy arm dra, soos 'n baba, stap hy daar weg; en hy rus nie voor hy by sy woonstel kom nie.
- [Daar gekom, versorg hy eers die papawers, en sit die blompotte waar hy hulle die beste kan sien. Toe gaan staan hy by sy vensterbank en skryf op die agterkant van 'n rekening:

dit is die maand papaver
augustus bloei hom leeg
in vlinders wat nog lichter
as regte vlinders weeg:

en wie en wat gaan my verhinder
om saam te voeg: die blom, die vlinder?

J = JAKOBSLEER
sien ook: fantasie
ydelheid

[Hy was 'n prins en, gemeet aan storieboek-illustrasies, inderdaad pragtig.

[Ongelukkig had hy 'n probleem wat hulle nog nie in sy tyd kon regstel nie. Die linkerlob van sy brein was ooraktief, en die regterlob, om dit sagkens te stel, nagenoeg dormant. Beeldspraak ^{en metafore} was verkwis op hom; en dan was hy nog koppig ook, soos die volgende voorval sal illustreer:

[Hy het gereeld sy Kinderbybel gelees, en is besonder beïndruk deur die verhaal van Jakob wat deur die engele besaek is. ["As hulle per leer kom afdaal tot onder, kan ek mos per leer opklim tot bo," het hy aan sy kamerheer vertel. ["Om te wat?" het die kamerheer ongeskille gevra want hy was al baie vaak. ["Die aandster te gaan plek vir my meisie, natuurlik," het die prins pront geantwoord.

[Die fantasie het helaas in sterkte toegeneem, en die koning ^{hedendaagse} was verplig en bou 'n laboratorium so groot soos 'n vliegtuigloods. Die prins was nou 'n jong man wat met genade 'n B.Sc. ^(divies) verwerf het, en met die sekuriteit agter sy naam, het hy dag en nag begin werk aan sy sproubare Jakobsladder van Ligte Staal.

[Die prins het sy meisie al hoe meer begin verwaarloos. Die aandster self was later nie so belangrik nie, die leer wel.

[Die meisie het uit ^{pure} moedeloosheid met 'n pop

troebadoer getrou. (Die sanger had natuurlik ook 'n aansienlike inkomste.)

- [Die meisie het kinders gebaar, oud geword en gestêrf.
- [Die prins het 'n paar uur lank goue en toe voortgegaan met sy projek.
- [Op agt-en-veertig jaar is hy oorde.
- [Net die jaar daarna het Die Groot Oorlog uitgebreek en al die staal van sy leer is sommer in oorlogstug omsit.

K = KASTYDING

sien ook: openbaring
testament
ydelheid

- [In Napels is dit taerbusie verdraag deur 'n optog.
- [Die Bejaarde Reisiser het, terwyl hulle noodgedwonge wag, aan 'n boek van Anna Maria Ortese gedink, ^{wat in vertaling sê:} The bay is not Naples. Die armoedige bruis ^{om hulle,} vol gedronge lewe, het inderdaad gevoel teen die blou, serene baai. Die Bejaarde Reisiser het die Here gedink vir glas wat hom afsonder van die stank en lawaai wat armoede is.
- [Die optog was toe die heel tyd 'n begrafnisstoet. Soos iets uit 'n sprokie het dit gelyk: die vergulde barokkoets, van brune uitvoer met rooi flanel, getrek deur antrasietperde)
(met gebœ nekke.
- [Die Bejaarde Reisiser het aan sy eie begrafnisreëlings gedink. Alles gaan stylvol wees: kamermusiek in die kerk, en 'n strykorkest by die graf; net natuurlike blomme, en geen plastiekkransies nie; geen toesprake of ander clichés nie.

["Dis 'n Graad Een - Begrafnis," verduidelik die toesleier, "baie, baie duur. En dit sy spesiaal deur die arm bruis om die bevolking te herinner aan die Glorie wat ook eenmaal hulle en sal wees."

- [Skielik behaag sy reëlings die Reisiser nie meer nie. Asof styl, op die laaste, 'n leeftyd van selfug kan ophef en verheerlik.
- [Die Bejaarde Reisiser voel 'n brandpyn in sy bors

en 'n steek wat in sy arm opskiet.

- [Maet ek hier in die vreemde my gees opgee? wonder hy. Dit sal so ongeniefliek wees vir almal.
- [Maar die pyn bedaar, die verkeer word rustiger, en skielik is hulle by 'n uitkykpunt wat 'n onbelemmerde uitsig bied op die baai.

L = LIG

- ['n Agnostikus sit ineengedoke in sy studeerkamer.
- [Rondom sy stael lê teologiese boeke verstrooi; party oop, ander toe.
- [Agter hom is 'n staanlamp wat soos 'n opdringerige onderwyser oor sy skouer loer.
- [Die agnostikus vererg hom.
- [Hy hou sy hand onder die bloe dagliggloeilamp van die staanlamp en sê sarkasties: "Voed my met jou lig." En die lamp doen dit, tot die agnostikus se bakhand begin oorloop met melkerige lig wat gaandeweg Rokend warm word.
- [Die agnostikus wil sy hand terugruk, maar is nie gebore in staat ~~hiertoe~~ nie. Hy raak paniekerig en begin skree: "In Godsnaam, hou op, hou op! Jy brand gate deur my hand!"

M = MENSLIKHEID

sien ook: ^{hoersens} _{naasteliefde}

- [Die toiletjagter het al die stasies van die Lyding besoek en sit nou ontgogeld op 'n betonbank op die Rondebosch-
persoon.
- ["Ecce homo," lag hy skor. Maar dan gaan sy lag oor in huil.
- ["Hêi, vat my sakdoek," sê 'n stem langs hom. "Dis koud en jy moet versorg word. Kom, my huis is naby, die kaggel brand, die wyn staan reg."
- [Gedweë volg die toiletjagter sy Welddoener. Sy oë is skoon gehuil - skielik maak dit nie saak dat sy ^{bedgerief vir die nag} ~~oud~~ oud, vet en lelik is nie. En swart.

- ['n Begaafde jong man het Christus en sy dissipels 'n week lank gevolg. Hy was weelgierig, en het met nuwe gedagtes en lewenstyle geëksperimenteer. In daardie stadium het die politiek van armoede en gemeenskapsdiens hom nitermate gefassineer, en hy wou sien hoe dit daar uitsien in die praktyk.
- [Na die tweede dag was hy opgewonde. Die nuwe dieet het sy intellektuele vermoëns gestimuleer, ofskoon dit sy slaaf aangetas het. Of miskien was dit die liggaamlike nabyheid van die dissipels wat hom snags wakker gehou het; die gesteun en gesnoek en gepoep. Na 'n week het sy maag begin rebelleer teen net brood en vis, en hy is onbetaamlik haastig terug na sy ouers.
- [Sy moeder het al sy gunsteling-geregte voorberei vir sy tuiskoms-maal. Die tafel, en soms ook die gaste, het gekreun van al die oordaad.
- ["En hoe was dit toe?" het die jongeling se vader gevra.
- [Die jongeling het 'n slukkie ^{kniewyn} geneem en so versigtig moontlik probeer antwoord.
- ["Eksentriek, sou ek sê, op die perverse af. Verbeel jou: 'Jy moet jou jou naaste liefhê soos jouself'."
- ["Verbeel jou!" lag die Pa. "Dit kan mos 'n grootskaalse hoerery afgee."
- ["Verbeel jou," sug die Ma. Maar verbeel kan sy haar nie, want haar beeldvoorraad is beperk.
- [Die jongeling word stil. Hy kan hom verbeel. Hy sien die dissipels wat hul skamele ete regverdig deel en elke brokkie in hul knaetsenige hande plegtig eet: die stukkie brood, die druppel olie, die kniesel sout.

N = NEDERIGHEID

sien ook: ydelheid

- [In die Seminarium vir Nederigheid raak twee akoliete aan die stry.
- ["Ek het my verneder," sê die een, "tot die uiterste toe, want net só raak jy nederig. Soos die Verlore Seun het ek my tot die varke gewend. Ek het rape en pampoenskille met hulle gedeel, en drie maal die dag het ek plat in die modder gaan lê en ~~hulle~~ ^{die varke se} onwelriekendheid opgesnuif."
- ["Jou nederigheid het nie gehalte nie," sê die ander een. "Dit grens aan perversie. Ek strek my maedernaak op die marmer voor die hoofaltaar uit, en waag my gesondheid, want ek het 'n borsprobleem. My nederigheid het cachet. Dit sou ook ootmoed kon heet."
- ['n Stokou skoonmaker in die Seminarium leun op sy besem en hoor hulke aandagtig aan.
- ["Hulle is nuweling in die nederigheid," dink hy, "n mens kan hulle vergewe. Maar wat van dié hoër op? Die biskoppe, die kardinale en bowenal sy Eminensie? Hoe ower ek word, hoe meer lyk dit my of Nederigheid en Hoogmoed 'n tweeling is. Is dit nie dalk ons laaste Groot Versaeking nie: om ons hoogmoed as nederigheid aan te sien?"
- [En by hierdie gedagte val die skoonmaker se besem uit sy hande, en leviteer hy voor die verbaasde oë van die akoliete.

0 = OPENBARING

sien ook : hoerery
: naasteliefde
: ydelheid

- [Hulle het die profet se kop op 'n skinkbord ingebring na haar.
- [Sy kon met die blote oog sien hoe die kop vassit in die sement van eie bloed.
- [Toe sy die kop begin losmaak, haar gretige vingers diep ingegraawe in die oliebruin lokke, is daar 'n skeurgeluid soos van linne wat verdeel word.
- [Sy verbaas haar oor die gewig van die kop, en moet dit op die kaggelrak stut voordat sy die mond behoorlik kan soen. Die lippe wat haar altyd afgewys het, prae so bitter soos wildeheuning.
- [Hierna gaan sit sy, die belaaide kop op haar skoot, haar hande weerskante van die wange. Sy kyk af in die gesig. Die oë wat nooit na haar wou kyk nie, kyk nou op na haar; en sy kan in die oë lees net wat sy wil. Ook liefde. En die bitter mond is ook hare, al wou dit nooit met haar praat nie.
- [Sy het seker in 'n beswyming geraak, want toe sy haar oë oopmaak, is alles anders. Die kop is anders. Sy gil en stamp dit van haar skoot af.
- [Dit rol oor die marmes, kom tot rus, en kyk terug na haar.
- [Die kop, so bleek tussen swart hare, is haar eie.
- [Die kop, so bleek tussen swart hare, was haar eie.

P = PANDORA-SINDROOM

sien ook: insig
openbaring

- [Pandora was nie net muskierig nie.
- [En sy was glad nie 'n dom meisiekind nie.
- [Sy het doodgewoon 'n Insig gehad.
- [Dit het op 'n middag in haar weefkamer gebeur. 'n Son=straal het by die venster ingeskiet en soos 'n goue spyker in haar sagte vlees ingeboor, net links van haar keultjie. En skielik het sy geweet waar die geheime sleutel gebêre word, en wat sy verder moet doen.

[Hy het na die kelder gegaan en die Duiwel ontset. Hy was nie besonder dankbaar nie, wat te begrype is, want hy het 'n lang ruk in 'n baie ongemaklike posisie in 'n meelkis gelê. En Pandora kon later nooit met sekerheid sê of hy "Goeciendag" gesê het toe hy met 'n knal en 'n swaeldamp daar weg is nie.

- [Van 'n ding was sy wêl seker, en dis dat ons die Duiwel by tye mîet vrystel.
- [Want hoe kan ons heiligheid besiel as ons sy teïparty, boosheid, aan bande lê?

as ons sy teïparty,
die bose, aan bande lê?

Q = QUINTESSENS (ook gespel KWINTESSENS)

sien ook: Crossroads
menslikheid

- [Niemand kon presies sê waarom die jong mans haar vermy het nie. Mooi was sy wel, selfs pragtig, en met 'n regop houding wat haar ^{hoë} borste ten beste laat vertoon het.
- [Miskien was dit die ontevrede trek om haar mond. Jy kry meuse wat chronies lyk of die lewe hulle iets skuld; en sy was een van dié meuse. Teen dertig is hul monde onherroepelik verlore: harde monde, met diep kepe weerskante.
- [Die mooi meisie het van ene Madame Rose gehoor wat 'n kantoor op die hoogste verdieping van Diamond Building het; 'n fortuinverketsler, streng kontant.
- [Die mooi meisie val met die deur in die huis. (Dis nou na sy haar R20 betaal het.) "Die lewe gaan aan my verby," kla sy.
- ["Ek gaan nie teblare of kaarte of die Kristal gebruik nie," sê Madame Rose. "Jou mond sê alles."
- ["Wat sê my mond?" vra die mooi meisie agterdogtig.
- ["Jy voel jy't groot belê in die lewe, en jou rente is nie daarna nie."
- ["Maar dis waar. Ek is mooi en talentvol, maar onghoed."
- ["Quintessens", sug Madame Rose, "dis al raad."
- ["Waar koop 'n mens dit?" vra die meisie. "Hou Stuttafords dit aan?"

- ["Nie te koop nie," lag Madame Rose, en die mooi meisie verbeel haar dat sy 'n spothlankie in Madame se stem hoor. "Jy moet dit self distilleer."
- ["En hoe nogal?" vra die mooi meisie.
- ["Uit menslikheid."
- ["En wat beteken dit volgens jou?" vra die meisie aggressief.
- ["Ag," sê Madam Rose, "al die ou strydrosse: bedagsaamheid, ^{blymoedigheid,} wellewendheid, ^{genade,} naasteliefde, erbarme, nederigheid. 'The Seven Deadly Virtues', to quote a famous poet."
- ["Kwak!" sis die mooi meisie, en gryp haar hand-
sak en vlug.
- [En "kwaak-kwaak-kwaak" lag Madame Rose in haar kantoor.
- [Haar assistent loer besorg om die deur.
- ["Hier, Emmie", praat Madame Rose ^{tussen lagbuis deur,} en gee 'n twintig-
randnoot aan haar assistent, "loop koop iets vir
jou man se verjaardag."

R = RUST-MIJN-ZIEL

sien ook : erbarme
naasteliefde
tuiskoms

[Altyd weer dieselfde droom :

[Dis nag, en winter op die Stormberge ; en ek is oud en verlate,
en kom te voet op Rust-mijn-ziel aan.

[Van die opstal het net 'n murasie oorgebly. Ook hier is geen
skuiling nie. Maar wanneer ek om die hoek van die ^{bouwal} ~~muur~~
slaf, sien ek dat een vestrek bly staan het, en dat daar 'n
lig in die kamer brand.

[Ma sit vir my en wag voor die swart stofie met sy
krom pote. Die tafel staan gedek, en by my ou eetplek is
daar ~~net~~ 'n netjese stapeltjie pos met briedelandse siëls.

[Ek gaan sit by Ma en steel haar hande soos ek nooit
gedoen het toe sy nog gelewe het nie.

S = SLANG

32

Die Slang van die Paradys het in 'n diep winterslaaf versink wat ook baie somers ingesluit het; ag, eeue lank. En toe hy wakker word, begin sy flikkertongetjies verward praat: Gij zult niet ... Maar hy praat nie wat hy wil praat nie. In sy donker tyd het sy onbewuste 'n slim parodie op die Tien Gebode voorberei, maar wat nou by sy mond uitkom, is streng outëstemmenties. Die Slang kyk skigtig rond ná sy lang orasie. Die Tuin, merk hy, is onbewoon; die bome is dood en staan versilwerd, of lê vermolmd tussen brandnetels; en dodder het die hek verstrik soos geen prikkeldraad dit kan doen nie. "Dank die Here," dink die Slang, "hier was niemand om my vernedering aan te hoor nie." En in selfontferming raak hy weer aan die slaap.

S = SLYPSTEEN

- [Mites kan lewegewend ~~wees~~ wees, niemand sal dit bestry nie.
Maar aan die anderkant is daar talle ^{mites} / wat grondiglik hersien of totaal herroep moet word.
- [Waar kom ^{byvoorbeeld} die storie ~~af~~ vandaan dat die Duiwel so bang sou wees vir 'n slypsteen?
- [Wie die voorreg gehad het om sy laboratorium te besoek, sal weet dat 'n slypsteen ~~sy~~ belangrikste instrument is. Daaglik moet geslyp word:
die punt van sy pylstert
sy drietandvork
sy tande.
- [En bowenal: sy epigramme.
- [Want die Duiwel is hoogs kreatief.
- [En ook hy slaan terug en vind dat sy werk mooi is.

T = TESTAMENT

~~in ook godheid uitwaars
gelykheid~~

- [In sy laaste ure het die woestynheilige 'n baie aardse behoefte ontwikkel. Hy wou skielik 'n testament opstel.
- [Die probleem was: sy perkament was op. Die geleerdes van Alessandrië het hom van vers rolle voorsien, en die beskrewe rolle kom haal vir die universiteit se afdeling Seldsame Geskrifte. Maar karavane het maar bitter min in daardie bruut gekom, en maande reeds was die heilige sonder perkament, hetsy beskrewe of blanko.
- [En skielik - hy moet al koorsig gewees het - dink hy: maar ek is dan self perkament. Met groot inspanning trek hy sy kleed oor sy kop en gaan sit moedernaak bo-op die kleed. En hy begin sy liggaam met verwondering verken: wat daaroor span en barste die lories van sy ribbekas, die geelbleek vel, al die rimpels En hy kyk na die letsels: die dolksteek naby sy hart, die diep kraphele wat 'n tier horn toegedien het, en die ander krapmerke, vlakker, skaars merkbaar, van die vrou wat hy verag het. En 'n groot deernis neem besit van hom, en hy wieg in eie omhelsing en prewel oor en oor: arme ou liggaam, arme ou liggaam.
- [Hee, hy kan die ou liggaam nie verder bekrap nie. En ^{aarde,} wat kan hy skryf behalwe 'n gemeenplaaas: ek gee aan jou terug wat ek van jou geleen het?
- [Die woestynheilige sprei sy kleed oor die sand en gaan lê in die kruisvorm; en ^{hy} stuur sy gees in die vier windrigtings uit; en die winde kom terug, en vou hom toe onder 'n duin.

T

TUISKOMS

sien ook: erbarme
naasteliefde
Rust-mijn-ziel

- [Altyd weer dieselfde droom:
- [Dis nag, en winter op die Stormberge; en ek is oud en verlate, en kom te voet op Rust-mijn-ziel aan.
- [Van die opstal het net 'n murasie oorgebly. Ook hier is geen skuiling nie. Maar wanneer ek om 'n hoek van die bouwal stap, sien ek dat een vertrek bly staan het, en dat daar 'n lig in dié kamer brand.
- [Ma sit vir my en wag voor die swart stofie met sy krom pote. Die tafel staan gedek, en by my ou eetplek is daar 'n netjiese stapeltjie pos met briedelandse seëls.
- [Ek gaan sit by Ma en streel haar hande soos ek nooit gedoen het toe sy nog gelewe het nie.

V - VALSHEID
sein ook ydelheid

- [Eens op 'n tyd het 'n skynjesus die platteland gaande gehad. Hy het gemesmeriseer uit die boonste rakke, en hy het populêre sang en gebede geïnspireer, want sy charisma was groot. Elke oggend het hy 'n vars kaftan aangetrek, reg uit die huis van Dior, en voor elke vertoning is sy lang hare geblowdruy en met silwer sterretjies besprinkel.
- [Joz was daar skeptici: moet die wederkoms dan nie eenvoudiger wees nie?
- [Die bom het gebars op 'n groot Jeugsaamtrek.
- [Die skare het gemaad en die aarde snuif getrap, en die skynjesus het prikkelbaar geword, want sy kleed was smoeselig van ^{al die} vatterige ~~handjies~~ handjies. Later kon hy dit net nie meer hou nie, en hy gryp 'n megafoon en skree met 'n falsetto-stem: "Orde! Orde! Laat die kindetjies na my toe kom, by all means, maar ^{gereguleer!} Al die ^{wit-}swart ^{in een ry} tetjies, vorm een ry! Aan-dag! En al die geletjies! En al die bruinetjies! En oja, al die swartetjies!"
- [Maar sy instruksies het die wanorde vererger, want teen dié tyd was almal rooi van die stof. Meer skree die skynjesus: ~~Waar~~ "Het julle dan nie ore nie? Bruinetjies een-kant, swartetjies doerie kant ..."
- [~~Waar~~ Op dié oomblik tref 'n klip ^{hom} uit 'n ~~slinger~~ slinger of uit die vuis van 'n Veronregte. Hard tref dit hom, en fataal, teen die voorkop, reg tussen sy gestileerde wenkbroue.

33

W = WINGERDPRAATJES
(op die wysie van "Lê, lê in die wingerd, kind")

sien ook: naasteliefde
ydelheid

- [Enige antisonbrandmiddel kon haar probleem opgelos het; 'n lotion of tablette. Of 'n tuitkappie, en moffies vir haar hande. En as die skade reeds gedaan was, kon sy 'n bleikmiddel gebruik het.
- [My teorie is dat sy opsetlik was. Hoe meer ek haar jemiade in Hooghollands lees, hoe minder glo ek haar. Luister self:

→ *keep in, asb*

"Ick ben swart doch lieflick, gij dochteren Jerusalems, gelijk de tenten Kedars, gelijk de gordijnen Salomons. Siet my niet aen dat ick swartachtigh ben om dat my de sonne heeft beschenen: de kinderen mijner moeder waren tegen mij ontsteken; sy hebben my gesett tot eene hoederinne der wijngaerden; mijne wijngaert dien ick hebbe en hebbe ick niet gehoedt."

- [In die Afrikaanse vertaling staan daar dat die "seuns" van haar moeder 'n aksie teen haar gehad het. Hoekom moes sy hulle wingerde opwas ten koste van haar eie? Het hulle haar op heterdaad met 'n minnaar betrap? Dit lyk nie onwaarskynlik nie: die bruid aan die woord was kennelik warmbloedig.
- [Nog 'n ding: hoekom het sy die dogters van ^{Jerusalem} op haar gebronsste voorkoms gewys as sy dan so skaam was oor haar bruinheid? Dis pure advertensie: die publiek,

39

en stellig ook haar minnaar(s), moet kennis neem
van haar soepel ledemate.

[Die kind — en julle kan my glo, want Pomo &
Letterkunde is my studieveld — die kind was wat
die ousense genoem het 'n "wildewingerd".

[Getuigenis hiervan is Hooglied, van begin tot
einde.

X = X

- [Sy was op pad na die rivier om haarself en die kind te gaan verdrink, maar haar gang was moeisaam, want sy was ver heen; en telkens het sy gaan staan en haar handpalm teen die holte van haar rug gedruk. Skielik was die' vreemde jong man langs haar, en hy het haar gestut en getroos. Hy het 'n bont kleed aangehad, en daar was madeliefies in sy hare.
- [Hy het haar weggelei van die rivier af, na 'n beskutte kraansie, waar 'n sagte lêpdek van slangbossies was, en alles byderhand wat sy in die komende dae nodig sou hê: kruie met water, kos; medisyne. En deur haar pyn was hy by haar, en met seker hande het hy gehelp tot die baba daar was. Toe het hy nog 'n paar dae by haar gebly, tot sy sterk genoeg was om na haarself en die kind om te sien.
- ["Wie is jy?" het sy gesmeek toe hy op vertrek staan.
- [Hy het geglimlag en iets in die sand geskryf met sy vinger. En toe het hy vinnig weggeloop.
- [Die meisie het by sy krabbel gebruik en niks verstaan nie, en voordat iemand verbygekom het wat kan lees, het die wind sy X toegewaai.

sien ook: insig
openbaring
Pandora's
droom

Y = YDELHEID

- [Sy was ydel, en eedlik gesê ook 'n bietjie dom.
- [In haar bruut was sy die mooiste meisie, wat nie baie haaf te sê nie, maar dit daar gelate.
- [Haar grootste rykdom was haar tiervelkaros, en 'n handspieeltjie waarvoor haar oupa 'n os en 'n kalf betaal het.
- [Sy het alles kop toe gevat waarop sy haar hande kon lê: Krake, vere, ystervarkpene; vrugte, groente, ~~en~~ blomme. Soms het sy dae lank met 'n pampoer op haar kop gesit en swymelend in die spieël gestaar.
- [Toe kom die wrede tyding: in 'n bruustof het 'n jong meisie ingetrek wat vlug van voet was, en mooier as die mooi in die maan.
- [Die gewese skoonheid het na haar spieeltjie gegryp en in haar stamtaal gevra:
Spieeltjie, spieeltjie in my hand,
wie is die mooiste in die land?
- [En die spieeltjie het diskreet die naam van haar mededinger gefluister.
- [Die gewese skoonheid het 'n week lank sit en tob. Haar geselskapdames het volgehou dat sy die mooiste in die land is, wat ander genigte nou ook beweer; en die gewese skoonheid het besluit dat die fout by haar spieeltjie lê. Sy het die spieël stukke gekap en sy skerpe by 'n diep kuil in die klowe gaan afgooi.

[En haar gemoedsmis het na haar terugkeer, en sy het weer gelay en gesing en gedaans soos in die ou dae voor die spieëltjie al haar vrye tyd opgeëis het. Haar plesierigheid het die sterkste en mooiste man in die buurt gelok, en spoedig is hulle volgens al die luisteryke gebuike van haar stam getroud, met al die nodige offerandes aan gode en voorvadergeeste.

[Ydelheid kan dus \bar{h} al gebeur dit selde, en altyd toevallig \bar{h} wysheid baar.

Z = ZINKENIET

- [Hy het name en kaarte ^{versamel} versamel, soos ander seëls; en bowenal die name van skeefswrakke.
- [Op een ven sy ~~stap~~ ^{staptoegte} langs 'n eensame kuslyn kom hy om 'n Kaaf en sien 'n wrak waar dit nie moet wees nie. Dit lê roesrooi in die vlak water, soos 'n walvis wat kom jong. "Hy moet nie hier wees nie," sê die naamjagter, "geen kaart of boek vermeld hom nie."
- [Hy sak af tussen ou gebarste rotse wat na uitstotkeramiek lyk; hy glyt ~~oor~~ oor vrot seebamboes wat Kriael van sandvlooie, en merk tot sy verydelling dat die wrak verder van die land ^{af} lê as wat hy vermoed het. En tot oormaat van ramp kan hy ^{nie} die naam van die wrak ~~nie~~ uitmaak nie, sterk soos sy oë is. Natuurlik kan hy teruggaan Karavaan toe en sy verkyker gaan haal, maar dan verloor hy een hele dag, en sy tyd is so kosbaar.
- [Sy besluit is gou geneem: hy gaan wrak toe swem. Hy trek hom kaal uit ná hy die omgewing goed bespied het; verman hom teen die koue en beurt ^{deur eers sy hart nat te maak} teen die deining in. Digby die wrak maak hy iets uit soos Zinke-
niet, maar voor hy doodreker kan wees, kom daar 'n berg van 'n fratsgolf wat hom te pletter smyt teen die wrak.

Die teks lê iewers tussen Ons weg deur die wêreld van Langenhoven en The devil's Dictionary van Ambrose Bierce.

Dit het ~~in~~ implikasies vir die illustrasies; "geestelike" illustrasies, maar met 'n baie skeep snykant — 'n satiriese snykant — is hier die ideaal.

Die humor neig na die "swart" kant toe.

"Geblokte" illustrasies wat die sfeer van middeleeuse houtsnêë het. Illustrasies vir bv. 'n gebedeboek.

Miskien moet 'n reeksie probeer — "reeks" in die sin van verwant — vir illustrasiedoeleindes gekies word.

Die "woestyn" - "reeks" byvoorbeeld:

- anachoret
- hoerery
- openbaring (?)
- testament